education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 11

## DRAMATIESE KUNSTE

## MODEL 2007

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 14 bladsye.**

Kopiereg voorbehou

**INSTRUKSIES EN INLIGTING AAN TOESIGHOUERS**

1. Die vraestel is DRIE ure lank.

2. Die totale punte vir die vraestel is 150.

3. Leestyd van TIEN minute word voor die aanvang van die skryf van die vraestel toegeken. Hiermee word aan kandidate die geleentheid gegee om die vereiste keuses te maak.

4. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings. AFDELING A, AFDELING B en AFDELING C.

5. Elke afdeling tel 50 punte in totaal.

6. AFDELING A bestaan uit EEN vraag oor Realisme. Dit is 'n VERPLIGTE afdeling.

7. AFDELING B bestaan uit DRIE vrae: Suid-Afrikaanse Teater, Inheemse Teater en Mediastudie. Beantwoord EEN van die drie vrae.

8. AFDELING C bestaan uit TWEE vrae: Elizabethaanse Teater en Amerikaanse Teater. Beantwoord EEN van die twee vrae.

9. Weens die feit dat daar geen voorgeskrewe dramas vir Graad 11 is nie, slegs voorgestelde dramas, is al die uittreksels wat gebruik is, onbekende uittreksels. Dit was ook nodig om sekere generiese vrae te stel, soos byvoorbeeld in die frase '*In die realistiese drama wat jy hierdie jaar bestudeer het …*'.

10. Weens die feit dat daar geen voorgeskrewe dramas in Graad 11 is nie, maar slegs voorgestelde dramas, kan die memorandum verwys na 'n voorbeeld van 'n spesifieke teks ter wille van duidelikheid. Onderwysers moet hul oordeel gebruik tydens die nasien om voorsiening te maak vir die dramas wat deur die skool bestudeer is, sowel as vir die kandidate se eie antwoorde.

11. Die gewig van die LU's PER VRAAG is soos volg: LU 1: 20% (10 punte), LU 3: 60% (30 punte) en LU 4: 20% (10 punte).

12. Daar sal EEN opstelvraag van 30 punte wees. Dit kan in enige van die DRIE afdelings voorkom. Die opstel moet 2 – 3 bladsye lank wees (± 300 woorde).

**INSTRUKSIES EN INLIGTING AAN KANDIDATE**

1. Daar word TIEN minute leestyd vooraf toegeken.

2. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.

3. AFDELING A bestaan uit VRAAG 1 en hierdie afdeling is VERPLIGTEND.

4. In AFDELING B is daar DRIE vrae: VRAAG 2, VRAAG 3 en VRAAG 4.
Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.

5. In AFDELING C is daar TWEE vrae: VRAAG 5 en VRAAG 6.
Beantwoord slegs EEN vraag uit hierdie afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Let op na die hoeveelheid punte wat aan elke vraag toegeken is.

8. Alhoewel klaskamerkennis gebruik kan word om die vrae te beantwoord, sal onafhanklike, kreatiewe idees en die gebruik van vaardighede, kennis en houding tot jou voordeel wees.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: REALISME

Hierdie afdeling het slegs EEN vraag. Hierdie vraag is VERPLIGTEND. Die uittreksel is 'n onbekende uittreksel.

## VRAAG 1: REALISME

1.1 Gee die naam van die realistiese drama (of die drama met realistiese kenmerke) wat jy hierdie jaar bestudeer het. (1)

1.2 Wie was die dramaturg? (1)

1.3 Realisme is gereeld gebruik as 'n instrument vir sosiale hervorming. Die drama het aan die gehoor die foute van die gemeenskap openbaar en hulle gemotiveer om te verander of om die probleem op te los.

1.3.1 Identifiseer TWEE probleme in die samelewing wat aangespreek word in die drama wat jy bestudeer het. (4)

1.3.2 Bespreek hoe effektief die dramaturg hierdie TWEE sosiale kwessies aan die gehoor aanbied. (10)

1.3.3 Is hierdie TWEE kwessies vandag steeds relevant vir 'n Suid-Afrikaanse gehoor? Motiveer jou antwoord deur na die drama wat jy bestudeer het te verwys. (4)

1.4 Lees die verhoogaanwysings vir 'n boksstel in die drama, *Major Barbara* deur George Bernard Shaw en beantwoord die vrae wat daarop volg:

Dit is na aandete in Januarie 1906, in die biblioteek van Lady Britomart Undershaf se huis in Wiltonsingel. 'n Groot en gemaklike rusbank, oorgetrek in donker leer, staan in die middel van die vertrek. Die persoon wat daarop sou sit (dit is leeg op die oomblik), sou aan sy regterkant Lady Britomart se skryftafel sien, met die dame self besig daarby. Daar sal 'n kleiner skryftafel links agter hom wees; die deur sal agter hom wees aan Lady Britomart se kant en 'n venster met 'n venstersitplek direk aan sy linkerkant. Naby die venster is 'n leunstoel.

1.4.1 Wat word onder die woord *boksstel* verstaan? (2)

1.4.2 Watter verhoogtipe sou die beste vir hierdie boksstel geskik wees? Motiveer jou antwoord. (4)

1.4.3 Verduidelik wat die voordele van 'n boksstel vir realistiese dramas is. (4)

1.4.4 Gebruik die beskrywing hierbo van die stel van *Major Barbara* om die stel te teken.

- Gebruik 'n voëlperspektief (kyk van bo af na die verhoog wat onder jou is)
- Voorsien jou stel van byskrifte
- Skryf 'n kort verduideliking om jou ontwerp te regverdig (10)

1.5 Verbeel jou jy is die regisseur van die drama, *Major Barbara*. Jy weet dat realisme vereis dat die akteur 'n gedetailleerde (breedvoerige) begrip van die karakter moet hê. Lees die beskrywing van Lady Britomart uit die drama hieronder. Skryf die tabel vir 'n karakterprofiel hieronder in jou antwoordeboek oor en voltooi die besonderhede wat 'n akteur kan help om hierdie rol op 'n realistiese manier te vertolk.

Lady Britomart is 'n vrou van 50, goed aangetrek en tog ook onverskillig oor hoe sy aantrek, goed gemanierd en tog ook baie uitgesproke, vriendelik en tog ook humeurig, 'n tipiese oorheersende middeljarige dame van die hoër stand, wat eers behandel is soos 'n stout kind totdat sy 'n raserige moeder geword het en uiteindelik bedaar het met baie praktiese vermoëns en wêreldse ervaring.

Teken die tabel in jou antwoordeboek oor en voltooi dit.

**KARAKTERPROFIEL**

| | | |
|---|---|---|
| Naam van die karakter | | (1) |
| Ouderdom | | (1) |
| Sosiale Status | | (1) |
| Voorkoms | | (2) |
| Stemkwaliteite | | (2) |
| Bewegings en gebare | | (2) |
| Gesigsuitdrukking | | (1) |

**TOTAAL AFDELING A: 50**

**AFDELING B: SUID-AFRIKAANSE TEATER, INHEEMSE TEATER, MEDIASTUDIE**

Hierdie afdeling bestaan uit drie vrae. Beantwoord slegs EEN vraag. Die uittreksels wat gebruik word is onbekende uittreksels.

**VRAAG 2: SUID-AFRIKAANSE TEATER**

Lees die uittreksel uit *The Hungry Earth* deur Maishe Maponya en beantwoord dan die vrae wat volg.

'n Tradisionele '*gumboot*'-dans en 'n lied. 'n Sirene loei. Die ligte doof uit vir 'n ondergrondse toneel. Die myners kom bymekaar by die draadhok om hul nagskof te begin. Die draadhok sak na onder. Dit kom stadig met 'n skudding tot stilstand en die myners swerm soos miere uit na hul verskillende werkplekke. Hulle loop vooroor gebuig, buk laag, draai sodat hulle die houtpilare kan vermy. Hulle druk hul volle gewig teen die neerdrukkende gewig van die klipperige dak wat neerdruk op hulle geboë koppe. Jannie, 'n wit myner, inspekteer die werkvlak en gee bevele.

Jannie: Vanaand wil ek gate hier geboor hê … en hier … en hier … en hier.

Beshwana: (*Na 'n rukkie*) Jammer baas, maar hierdie area is dalk nie reg daarvoor nie, en die klippe lyk of hulle nat is.

Jannie: Ek het nie vir jou mening gevra nie. Wil jy met my stry wanneer ek vir jou sê om te werk?

Beshwana: Ek is jammer makhulubaas (grootbaas), ek's jammer.

*Hulle boor in die rots.*

Baasboy: (*Woedend*) Hei! Wena! Waarom sê jy vir makhulubaas en nie vir my nie? Do you want to take my job?

Beshwana: (*Verskonend*) Ek's jammer, Baasboy.

Baasboy: Next time you'll be fired! Pasop, jong!

Jannie: Baasboy! Wat gaan aan daarso, jong!

Baasboy: Makhulubaas, hierdie een dink hy weet te veel!

[*Vertaal met vergunning van DALRO*]

2.1 Die uittreksel hierbo is geneem uit 'n tipiese Protesdrama, *The Hungry Earth.* Verduidelik DRIE doelstellings van Protesteater. (6)

2.2 Beskryf die soort ruimte wat gebruik kan word om hierdie tipe drama op te voer. Gee redes om jou antwoord te motiveer. (5)

2.3 Let op na reëls 13 – 20. Lewer kommentaar oor die gebruik van taal in hierdie reëls en in Protesdramas in die algemeen. (4)

2.4 Bestudeer reëls 15 – 17. Hoe gebruik die akteurs volume en toon wanneer hulle hierdie reëls sê? Gee redes vir jou antwoord. (6)

2.5 Verduidelik hoekom dit meer geskik sal wees om voorwerpe te wys deur middel van mimiek eerder as om rekwisiete in hierdie drama te gebruik. (5)

2.6 Dink jy dat protesdramas nog vandag bestaansreg het in 'n demokratiese Suid-Afrika? Motiveer jou antwoord. (4)

2.7 As jy reëls 1 – 7 moes regisseer, watter opvoertegnieke en -vaardighede sou jy gebruik om 'n opwindende teaterstuk te skep? (8)

2.8 Die dramaturge en skeppers van baie Suid-Afrikaanse dramas beeld menslike verhoudinge uit wat op die proef gestel word deur politieke, sosiale en persoonlike druk.
Bespreek hierdie stelling deur te verwys na die Suid-Afrikaanse drama wat jy hierdie jaar bestudeer het. Verwys na die volgende in jou antwoord:

- Karakters
- Verhoudings tussen karakters (12)

**[50]**

## VRAAG 3: INHEEMSE TEATER

Lees die uittreksel hieronder en beantwoord al die vrae wat volg.

*Indlu kagogo* (Ouma se hut).

Die sosiale struktuur en die siel van die emaSwati's is geanker in die *endlini kagogo*. Hul alledaagse leefwyse (sosiaal, polities, godsdienstig, ekonomies, ensovoorts) wentel om die *indlu kagogo*. Wanneer daar ongelukkigheid tussen familie- en/of gemeenskapslede is, moet hulle voor die oueres (ouer persone) *endlini kagogo* verskyn. Nadat daar na almal se sake geluister is en 'n vreedsame ooreenkoms bereik is, word hulle beveel om saam te gaan na die *etaleni* (plek waar die as gebêre word) vir die *bayokhumisana umlotsa* (ritueel waar die as uit elkeen se hande gestrooi word). *Kukhumisana umlotsa* is 'n tydlose handeling van die ‘opvoering’ van vrede. *Umlotsa* (as) is nog altyd met voorvaders, vrede en genesing geassosieer. As word daarom as heilig beskou.

In die geval van 'n ouer wat agter 'n kind aanhardloop met die doel om die kind te straf, moet die ouer die kind onmiddellik los as hy in die *endlini kagogo* inhardloop. Wanneer die kind uiteindelik uit die *endlini kagogo* kom, mag die ouer nie aan hom/haar raak nie. Daar word van die standpunt uitgegaan dat die kind 'n heilige plek binnegegaan het en deur die voorvaders beskerm word. As 'n vrou voel dat sy deur haar man bedreig word, kan sy ook die *indlu kagogo* binnegaan. Haar man mag haar onder geen omstandighede volg nie en hul struweling moet daar en dan beëindig word. *Indlu kagogo* herinner die man daaraan dat 'n vrou onder geen omstandighede mishandel mag word nie. In die geval waar 'n man voel dat sy vrou hom te veel pla, moet hy die *endlini kagogo* binnegaan om verdere struweling te vermy. Wanneer hy weer uitkom, sal sy vrou onmiddellik stil wees.

3.1 *Indlu kagogo* is 'n vorm van Inheemse teater en een voorbeeld van die baie heilige plekke van emaSwati. Noem VYF voorbeelde van ander inheemse heilige plekke van enige ander gemeenskap waarmee jy bekend is. (10)

3.2 Alhoewel rituele op enige plek opgevoer kan word, kom dit oor die algemeen by die heilige plekke in 'n gemeenskap voor. Gee TWEE redes waarom rituele by die heilige plekke opgevoer word. (4)

3.3 Watter rekwisiet word as 'n heilige simbool in bostaande uittreksel beskou? Motiveer jou antwoord. (4)

3.4 Spreekwoorde, vertellings, volksverhale en legendes is mondelinge simbole en uitdrukkings wat in Inheemse teater gebruik word.

3.4.1 Noem die gemeenskap van jou keuse en lys TWEE mondelinge simbole wat die gemeenskap as heilig beskou. (4)

3.4.2 Wat simboliseer hierdie TWEE mondelinge simbole genoem in VRAAG 3.4.1? (4)

3.5 Verduidelik waarom 'n ouer nie kan voortgaan om 'n kind te straf nie wat in *endlini kagogo* gevlug het. (4)

3.6 Noem en beskryf die toneelspelareas binne *indlu kagogo*. Jy mag van voorbeelde uit jou eie gemeenskap gebruik maak wat met *indlu kagogo* ooreenstem. (10)

3.7 Watter probleme sou 'n regisseur ondervind om vandag 'n Inheemse opvoering in Suid-Afrika op te voer? (10)
**[50]**

**VRAAG 4: MEDIASTUDIE**

4.1 Verduidelik wat met die volgende bedoel word:

4.1.1 Subteks
4.1.2 Kontinuïteit
4.1.3 Strookprent/'Storyboard'
4.1.4 Opname/'Take'
4.1.5 Hoofstroomfilm (5 x 2) (10)

4.2 Waarna verkies jy om te kyk – films of verhoogdramas? Gee redes vir jou antwoord. (4)

4.3 Lys die belangrikste verskille tussen toneelspel vir die verhoog en toneelspel vir film. (8)

4.4 Waarom moet 'n akteur geestelik, emosioneel en fisies ontspanne wees voor 'n filmskoot? (3)

4.5 Bespreek TWEE hooftemas/kwessies aangespreek in die film wat jy hierdie jaar bestudeer het. (8)

4.6 Watter impak het hierdie film op jou gehad? Motiveer jou antwoord deur voorbeelde uit die film te noem. (6)

4.7 Sommige kritici is van mening dat die Suid-Afrikaanse filmindustrie nie kan kers vashou by dié van Hollywood nie. Lewer kommentaar op hierdie stelling deur te verwys na die film wat jy hierdie jaar bestudeer het, sowel as ander films wat jy al gesien het. (6)

4.8 Suid-Afrika het sy eerste Film- en TV-toekennings, die *Golden Horn*, in 2006 gehou om bydraes tot die televisie- en filmindustrie, te erken. Watter effek sal hierdie toekennings op die Suid-Afrikaanse televisie- en filmindustrie van die toekoms hê? (5)
**[50]**

**TOTAAL AFDELING B: 50**

## AFDELING C: ELIZABETHAANSE TEATER EN AMERIKAANSE TEATER


Hierdie afdeling bestaan uit twee vrae. Beantwoord slegs EEN vraag. Die uittreksels wat gebruik is, is onbekende uittreksels.

## VRAAG 5: ELIZABETHAANSE TEATER

5.1 Jy is 'n toergids by die Globe-teater in London. Skryf 'n opstel waarin jy jou gesprek weergee met toeriste wat die Globe-teater besoek.
Jou opstel moet 2 – 3 bladsye lank wees (± 300 woorde).

Jy kan na die model hieronder verwys om jou gesprek oor die volgende punte van die Globe-teater te ondersteun:

- Die buitestruktuur en die binnestruktuur
- Die tipe dramas wat hier opgevoer is
- Kostuums, stel, dekor en spesiale effekte
- Gehoorlede en algemene atmosfeer gedurende die opvoerings
- Advertensies vir opvoerings en die tyd wanneer opvoerings plaasgevind het



(30)

5.2 Lees die uittreksel uit die openingstoneel van *Die Storm* (*The Tempest)* deur William Shakespeare. Die karakters is vasgevang in 'n gevaarlike storm en gaan skipbreuk ly. Die bemanning, verteenwoordig deur Trinculo ('n bootsman) en die matrose probeer om die skip na veiligheid te stuur. Die koninklike passasiers word verteenwoordig deur Antonio en Gonzalo.

| | |
|---|---|
| Trinculo: | Af met die topmas! Vinnig! Laer, laer!<br>Maak haar staan met die grootseil!<br>(*Sebastian, Antonio en Gonzalo op*)<br>Wat soek julle hier? Moet ons maar oorgee en verdrink?<br>Lyk my julle's lus vir sink!<br>*(Op die Matrose*, *nat)* |
| Matrose: | Dis alles oor! Bid! Bid! Dis alles oor!<br>Die koning en die prins bid. Kom ons bid saam, want ons is in dieselfde nood. |
| Gonzalo: | *('n Deurmekaar geraas binne)*<br>Wees ons genadig!<br>Ons breek, ons breek, ons breek middeldeur!<br>Vaarwel, my vrou en kinders!-<br>Vaarwel, broer! – Ons breek, ons breek, ons breek! |
| Antonio: | Kom ons sink saam met die koning. |

[*Vertaling deur Tjaart Potgieter, met vergunning van DALRO*]

Verbeel jou dat jy hierdie toneel in 'n moderne konteks moet regisseer. Bespreek en motiveer die volgende:

5.2.1 Die opvoerruimte wat jy sal gebruik. (4)

5.2.2 Die gebruik van dekor en rekwisiete wat 'n storm op see sal voorstel. (4)

5.2.3 Die gebruik van beligting en klankeffekte. (4)

5.2.4 Hoe die akteurs van beweging sal gebruik maak om die karakters te vertolk. (4)

5.2.5 Hoe die akteur wat die rol van Gonzalo vertolk, gebruik sal maak van toonhoogte en tempo wanneer hy reëls 11 -14 sê. (4)

**[50]**

## VRAAG 6: AMERIKAANSE TEATER

6.1 Baie Amerikaanse dramas gebruik realistiese karakters en kwessies, maar gebruik wel nie-realistiese teatertegnieke en –metodes. Hierdie verskynsel kan teatrale realisme genoem word.

Bespreek die realistiese en nie-realistiese elemente in die Amerikaanse drama wat jy hierdie jaar bestudeer het. Verwys na die volgende in jou antwoord:

- Karakter en dialoog
- Tema en intrige/plot
- Teatertegnieke en teatermiddele (*theatrical devices*)
- Opvoertegnieke

Jou opstel behoort 2 – 3 bladsye lank te wees (± 300 woorde). (30)

6.2 Lees die uittreksel hieronder uit die onbekende teks, *Speelgoed van Glas* (*Glass Menagerie)* deur Tennessee Williams waar Tom en sy ma, Amanda tydens ontbyt gesels. Beantwoord die vrae wat op die uittreksel volg.

Amanda: Al die jare moes ek alleen baklei. Maar jy's my regterhand. Moet my nie in die steek laat nie, asseblief!

Tom: (*Teer*) Ek sal probeer, Moeder.

Amanda: (*Met groot entoesiasme*) Probeer net, en jy sal sien! (*Die gedagte maak haar skoon uitasem*). Altwee my kinders het soveel gawes ontvang! Altwee – is sulke buitengewone kinders! Dink jy ek weet dit nie? Ek is so - trots! Gelukkig en … weet dat ek so baie het om voor dankbaar te wees … maar belowe my een ding, my kind!

Tom: Wat's dit, Moeder?

Amanda: Beloof my, jy … jy sal nooit 'n dronklap word nie!

Tom: (*Glimlag*) Ek sal nooit 'n dronklap word nie, Moeder.

Amanda: Dis my grootste vrees, dat jy sal begin drink. Wil jy nie iets eet nie?

Tom: Nee dankie. Net koffie, Ma.

Amanda: Graanbeskuitjies?

Tom: Nee dankie. Net koffie, Ma.

Amanda: Jy kan nie gaan werk op 'n leë maag nie. Jy't tog tien minute – moenie so vinnig sluk nie! Te warm vloeistowwe gee 'n mens maagkanker … gooi 'n bietjie room in.

Tom: Nee dankie.

Amanda: Om dit af te koel.

Tom: Nee! Nee dankie. Ek hou van swart.

[*Vertaling deur Mariekie Longhurst met vergunning van DALRO*]

6.2.1 Beskryf die verhouding tussen Tom en sy moeder soos jy uit die uittreksel hierbo kan aflei. Regverdig jou kommentaar deur na die uittreksel te verwys. (6)

6.2.2 Tom weier die room en ontbyt herhaaldelik in reëls 15, 19 en 21. Verduidelik hoe die akteur wat die rol van Tom vertolk, toonhoogte en tempo kan gebruik in elke reël om sy groeiende irritasie met sy moeder te toon. (2 x 3) (6)

6.2.3 Verwys na Amanda se woorde in reël 4. Haar kommentaar verteenwoordig die mite van die *Amerikaanse Droom* wat 'n tema in baie Amerikaanse dramas is.

(a) Verduidelik wat jy onder die tema *Amerikaanse Droom* verstaan. (4)

(b) Bespreek hoe hierdie tema van die *Amerikaanse Droom* in die Amerikaanse drama wat jy bestudeer het, voorgestel word. (4)

**[50]**

**TOTAAL AFDELING C: 50**

**GROOTTOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou